
DEEL 113 | WEEK 44 | 5 NOVEMBER 2021 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# ANC WEN STEEDS GEMAKLIK




Die stempersentasie was besonder laag regoor Suid-Afrika met minder as die helfte geregistreerde kiesers wat gaan stem het.

Vir Ngwathe was die kieseropkoms 46.02% en slegs 29 355 uit 63 783 geregistreerdes het hulle kruisie getrek. Dit het veroorsaak dat die ANC setels verloor het en in baie ander munisipaliteite tot onder 50% steun teruggesak het. Die vraag is egter of hierdie uitslae hoop bied vir Suid-Afrika?

Met 37 setels beskikbaar in Ngwathe is 21 deur die ANC ingewin. Die DA stap weg met 7 setels, die EFF 5, VF Plus met 3 en die Ngwathe Residents Association het 1 setsel verower. Die EFF en VF Plus het dus elk twee nuwe setels bekom terwyl die DA en ANC setels verloor het. Die NRA is egter nuut op die raad.

Die ANC het 15 678 wykstemme en 15 746 proporsionele stemme verwerf, die DA 5 480 en 5 518, die EFF 3 676 en 3 807, die VF Plus 1 823 en 1 832 en die NRA 751 en 734 stemme onderskeidelik.

Die werklikheid is dat die meeste Suid-Afrikaners wat kon gaan stem, besluit het om nie te stem nie. Verder wen die ANC steeds gemaklik. Verskeie mense is van mening dat die verkiesingsuitslae die noodsaak bevestig vir burgerlike organisasies en gemeenskappe wat moet saamstaan en werk aan alternatiewe oplossings vir die uitdagings met misdaad, ekonomiese agteruitgang en die verskaffing van basiese infrastruktuur.

Byna elke stem is teen druktyd getel en is daar deurgegee dat die amptelike finale uitslae gisteraand aangekondig sou word en regstreeks om 18:00 uitgesaai was. Sien tabel met meer besonderhede op bladsy 2.




Heilbron Herald

VIR AL JOU BENODIGDHEDE

Kalenders • Jaarblaaie Prospektusse • Strooibiljette & Brosjures • Besigheidskaartjies NCR Boeke • Stempels • Alle Skryfbehoeftes • Laminering • Stuur & Ontvang E-pos • Fakse Fotostate • Kantoortoerusting Skoolbenodighede • Canvasses Magnete • Baniere • Plakkers Advertensies op Motorvoertuie Winkel- en Plaasnaamborde Veiligheidsborde • T-hemde Korporatiewe- en Werksklere Kepse • Promosie Produkte Borduurwerk en nog vele meer!

058 852 3033
Elsstraat 44, Heilbron, 9650






# NGWATHE: DA BLY OPPOSISIE LEI

Die VF+ en EFF het sterk gegroei, die DA het sy relatiewe krag gehandhaaf, en die ANC het sterk teruggesak, in 'n laer stempersentasie oor die hele munisipaliteit. Die nuwe raad gaan heelwat anders lyk. Die DA lei weer die opposisie soos tevore, met sewe raadslede, maar die VF+ se Mnr Phillip van der Merwe het nou twee nuwe koukuslede saam met hom. Tevore was hy alleen.

Ook die EFF het twee lede bygekry, en tel nou vyf lede. "Tevore was hulle onder die mees swygsame raadslede, maar dalk het hulle nou hul stem gevind en sal aktief begin deelneem," skerts Arnold Schoonwinkel, 'n oudraadslid van die DA, wat herkies is. Onder die onafhanklike kandidate is net die Ngwathe Residents Association verkies in die township Tumahole by Parys. Hierdie kandidaat het sterk steun uit ANC-areas getrek.

Mnr Poloko Molaphene (DA-raadslid wat nou herkies is) sê aan Herald : "Carina Serfontein, ons veldtogbestuurder, verdien hoë lof vir haar leierskap en motivering van ons verkiesingsspan." Arnold Schoonwinkel en nuwe raadslid Saal de Jager stem saam, maar Herald kon haar nie bereik voor druktyd nie. Me Serfontein was DA-koukusleier, en eerste op die DA-ranglys van kandidate. Marié la Cock, 'n nuweling op die raad, het Wyk 12 in Parys met 'n sterk aanslag vir die DA behou.

| Party | Councils | Seats | % Support |
|---|---|---|---|
| ANC | 1 | 21 | 55.66 % |
| DA | 0 | 7 | 19.21 % |
| EFF | 0 | 5 | 13.38 % |
| VF PLUS | 0 | 3 | 6.38 % |
| NGWTHERA | 0 | 1 | 2.6 % |
| ACDP | 0 | 0 | 0.75 % |
| ATM | 0 | 0 | 0.47 % |
| PA | 0 | 0 | 0.31 % |
| UIM | 0 | 0 | 0.17 % |
| AMSA | 0 | 0 | 0.13 % |
| IFP | 0 | 0 | 0.12 % |
| F4SD | 0 | 0 | 0.11 % |
| IND | 0 | 0 | 0.72 % |



# DUURSTE NOG VIR BRANDSTOF

Het jy betyds jou brandstoftenk volgemaak, want sedert Woensdag 3 November betaal jy die duurste nog vir brandstof. Petrolpryse het gestyg met R1,21 per liter en diesel met R1,48 per liter. As gevolg hiervan kan verbruikers ook verwag dat kos en ander klein- en groothandelpryse sal styg. Dit op die vooraand van die Desember-skoolvakansie en die feesseisoen. Gas sal voortaan R2,90 per kilogram kos en paraffien R1,94 per liter. Solidariteit het die interessante uiteensetting gemaak wat daarop dui dat meer as R6 per liter na die staat gaan.

| 95 OKTAAN PETROL (BINNELAND) | BEDRAG | WIE KRY DIT? |
|---|---|---|
| Basiese petrolprys | R9,37 | Brandstofmaatskappye |
| Belasting | R3,93 | Die staat |
| Doeanebelasting | R0,04 | Die staat |
| Padongelukkefonds | R2,18 | Die staat |
| Vervoerkoste | R0,65 | Brandstofverspreiders |
| Petrolprodukteheffing | R0,01 | Die staat |
| Groothandelaarswins | R0,41 | Brandstofgroothandelaars |
| Sekondêre stoorkoste | R0,27 | Groothandelaars/Verspreiders |
| Sekondêre Verspreidingskoste | R0,16 | Groothandelaars/Verspreiders |
| Kleinhandelaarswins | R2,22 | Die vulstasie-eienaar |
| Onderverhalingsfooi | R0,15 | Brandstofmaatskappye |
| Vraagkantbestuursheffing (95 Oktaan) | R0,10 | Die staat |
| Ander diskresionêre fooie | R0,05 | Versprei tussen onderskeie partye |
| TOTAAL | R19,54 | |

# MATRIC FINALS 2021 TIMETABLE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 8<br>P2: Maths, Maths Lit, Technical Maths<br>P2: Religion Studies | 9<br>P3: Hindi, Gujarati, Tamil, Telugu, Urdu, Portuguese, German<br>P1: Marine Sciences<br>P1: Economics | 10<br>P1: Business Studies<br>P1: Engineering Graphics and Design | 11<br>P1: Sepedi, Sesotho, Setswana, Xitsonga, Tshivenda<br>P1: isiZulu, isiXhosa, Siswati, isiNdebele, SA Sign Language<br>P1: Geography | 12<br>P1: Physics<br>P1: Technical Sciences<br>P1: History |
| 15<br>P2: Physics<br>P2: Technical Sciences<br>P2: Engineering Graphics & Design | 16<br>P2: English<br>Civil Technology | 17<br>P1: Accounting<br>P2: Geography | 18<br>P2: Economics<br>Visual Arts | 19<br>P1: Life Sciences<br>Design |
| 22<br>P2: Life Sciences<br>Electrical Technology | 23<br>P2: Sepedi, Sesotho, Setswana, Xitsonga, Tshivenda<br>P2: isiZulu, isiXhosa, Siswati, isiNdebele, SA Sign Language<br>P2: History, P2: Marine Sciences | 24<br>P2: Accounting<br>Mechanical Technology | 25<br>P1: Afrikaans<br>P2: Religion Studies | 26<br>P1: Agricultural Sciences<br>P1: Nautical Science<br>Sport & Exercise Science<br>P2: CAT Theory |
| 29<br>P3: English<br>Tourism | 30<br>P3: Sepedi, Sesotho, Setswana, Xitsonga, Tshivenda<br>P3: isiZulu, isiXhosa, Siswati, isiNdebele, SA Sign Language<br>P1: Information Technology | 1<br>P2: Afrikaans<br>Consumer Studies<br>Hospitality Studies | 2<br>P2: Agricultural Sciences<br>P2: Nautical Science<br>P1: Music | 3<br>Dramatic Arts<br>Agricultural Management Practices |
| 6<br>Dance Studies<br>Agricultural Technology<br>P2: Music | 7<br>IT and CAT resits | | | |





LET US HELP YOU PACK YOUR CHILD'S BACK 2 SCHOOL STATIONARY

1. Drop your 2021 stationary list off at Herald Office National, or e-mail it to heraldoffice@heilbron.co.za
2. As soon as we received the list, we will send you a quotation
3. When you've placed the order, we will pack it and get it ready for you
4. Alternatively, place your order online at www.herald.officenational.co.za
5. We will contact you as soon as your order is ready for collection

Herald Office National 058 852 3033

YOUR BACK 2 SCHOOL SUPPLIER

LOCAL

# BRONNIES NEEM AFSKEID




Na 24 jaar het die Hoërskool Heilbron leerders en onderwysers afskeid geneem van meneer Peter Smith. Die deurlopende tema van die funksie op 29 Oktober was die Vrug van die Gees. Al die Bronnies salueer hom.
"Uitmuntende leiers streef nie daarna om te lei nie. Hulle streef daarna om 'n verskil te maak. Die dryfkrag agter hul strewe is nie aansien nie, maar die doel voor oë."
Op 28 Maart 1961 is Peter Smith in Kimberley gebore. Op vyfjarige ouderdom begin hy sy skoolloopbaan. Hy moes soggens twee busse na die skool neem en onthou hoe sy ma die naam van die busse op papiertjies geskryf het, sodat hy voor die bus kon staan om seker te maak dat hy die regte een neem.
Later verhuis hulle na Sasolburg en hy voltooi matriek op 17-jarige ouderdom aan die Hoërskool Sasolburg. Hy was aktief betrokke by 'n verskeidenheid buitemuurse aktiwiteite waarvan sy Vrystaatrekord vir Diskus o.16 en hul koor se jaarlikse plaatopname vir hom hoogtepunte is.
Ná skool voltooi hy sy studies aan Potchefstroom se Universiteit waar hy ondermeer as huiskomiteelid van sy koshuis gedien het. Sy nagraadse studies voltooi hy terwyl hy skoolhou.
In Oudtshoorn doen hy sy verpligte weermagopleiding en word in die proses bevorder na luitenant en later na kaptein.
Sy onderwysloopbaan begin in Vanderbijlpark by Totius Primêre Skool en daarna skuif Mnr. Smith na die Hoërskool Sasolburg waar hy ook as Departementshoof aangestel word.
In 1997 word hy as skoolhoof van Hoërskool Heilbron aangestel.
Hy bekwaam homself deur talle ander bestuurskursusse en in die onderwys dien hy op verskeie bestuursrade wat strek van die SAOU tot atletiekrade.
In sy vrye tyd hou hy van aktiwiteite wat die adrenalien 'n bietjie laat pomp soos: die aanpak van staproetes, kayak-roei, skubaduik, valskermspring en hy het al menigte mararthonne aangepak waarvan die verowering van 'n silwer Comrades-medalje 'n onvergeetlike ervaring was.
In sy persoonlike lewe is die geboorte van sy twee dogters en later twee kleinseuns vir hom kosbare trotsvoel-oomblikke. Hulle hou die afgelope 25 jaar vakansie in Sedgefield en gaan ook dáár aftree. Mnr. Smith het 'n groot liefde vir reis, musiek, motors, fotografie en voëlkyk en gaan beslis nie die volgende 25 jaar stilsit nie - dáár is doodeenvoudig net nog té veel doelwitte om voor oë te hou.









# WEEK VIER-EN-VEERTIG VAN 2021



## UIT DIE PEN

En dan was daar ou Bees. Ou Bees moes seker 'n regte naam gehad het, maar hierdie ontgaan my nou. Ou Bees het in ons dorpie grootgeword, maar het dit verlaat om te gaan studeer en het later in 'n ander provinsie gaan skoolhou.

Ou Bees se pa was Oom Koutjie. Want oom Koutjie het in die kerk sit en kou. Gewoonlik aan niks. So af en toe kon jy onder stilgebed hoor hoe sy valstande klak-klak. Hy was redelik doof en het 'n welluidende stem gehad. In die middel van die preek sou hy vir sy vrou vra: "Wanneer maak hierdie man nou klaar?"

Tot groot vermaak van die gemeentelede.

Oom Koutjie se vroutjie het die tydelike met die ewige verwissel, en ou Bees besluit om by haar pa te kom bly. Sy doen suksesvol aansoek om, ek dink, Besigheidstudies, aan te bied. Daardie dae het ons na "Bedryfsekonomie" verwys.

Ja, ou Bees was 'n vrou. Met 'n diep stem. 'n Bang stem.

Die heel eerste dag by die skool staan ou Bees voor die personeelkamer. Ronald is daar, besig met een van sy talle sigarette vir die dag. Ou Bees kom nader en stel haarself voor.

Ronald knik beleefd, nie seker of hy moet stilbly of weghardloop nie.

"Hey, mag ek op hierdie kampus rook?"

Ronald kyk haar op en af.

"Ja, hoe lyk dit vir jou?"

Ou Bees staan nader.

"Gee my ook 'n trek van jou skyf!"

Met dié gryp sy Ronald se stukkie twak uit sy hand, vat twee trekke en druk die brandende sigaret terug in Ronald se verslae hand.

"Dankie, ou Bees."

En vandaar die naam Bees.

Ons vrouens het gekoes wanneer ou Bees in die omtes was. Sy sou jou 'n redelike harde klap tussen die blaaie gee en sê: "Hoezit, ou Bees?" En dan dawerend lag. Ek dink ons vrouens was net te bang om terug te klap.

Nelis was 'n tingerige graad 11-seun. Lank, maar nie so lank soos ou Bees nie. Nelis het sy eie gang gegaan in 'n klas, en almal het hom so geken. Hy het altyd gelag, perfekte stel tande gehad. Selfs as hy kwaad was vir jou, het hy geglimlag.

Ou Bees stap op dag 1 in die klas waar Nelis sit. Sy groet hulle, en Nelis, omdat hy Nelis is, glimlag breed en groet haar. Sekerlik nie soos wat sy gegroet wou wees nie. Soos mes is ou Bees voor Nelis, en sy gryp hom om die nek. Sy druk hom teen die swartbord vas terwyl sy langerige bene soos stokkies heen-en-weer swaai.

"Wie is jy?"

Hy roggel effens.

"N-n-n-n-elis."

"Jy praat nie so met my nie, okay ou Bees?"

Met dié sit sy Nelis weer op sy bewende voete neer. Nelis kyk haar lank op en af, trek sy klere reg en maak keelskoon.

"Hey, hey, ons gaan mekaar nie seermaak nie, nê?" Hy kyk nog een keer na haar en gaan sit op sy plek. Die streep in die sand was getrek. Hy was dalk kleiner as ou Bees, maar hy was definitief vinniger as sy.

Ou Bees se broer kry skildklierkanker. Ou Bees het haar eie filosofie gehad oor die rede vir sy kanker. As gevolg van haar ma se dood, sê sy, was haar broer meer vatbaar vir kanker. Hy het toe eendag die kankerkiem ingesluk en toe sit dit in sy keel vas. En dit is die rede waarom hy skildklierkanker gekry het. Ons het maar ons afstand gehou vir ingeval die "kankerkiem" kan spring.

Later is ou Bees se pa, oom Koutjie ook dood en ek het geen idee wat van ou Bees geword het nie.

In daardie jare het ons almal kunsmarkrokke gedra. Bont, wyd en almal min of meer op dieselfde patroon gesny. Ek het later agtergekom dat dit maklik is om dit te maak: enige bont stuk lap wat in kleursel geprop word. En siedaar: 'n kunsmarkrok.

Lelanie het so ene gehad. Pragtige rok. Lelanie het in daardie stadium vir die graad 1's skoolgehou. Ek het die wêreld se respek vir enige persoon wat met Grondslagfasekinders werk. Hulle doen ongelooflike werk!

Iedergeval: iemand in Lelanie se klas verjaar, en 'n mamma, vergesel met 'n suurknolvriendin kom lewer verjaarsdagmaatjie se koek by die klas af. Lelanie se klassie het mattyd en sy lees vir hulle 'n storie. Almal luister aandagtig. Totdat die twee tannies, een vriendelik en die ander een glad nie, in die deur kom staan met die groot koek.

Die klassie begin onderlangs wys en praat oor die lekker koek wat die tannies vashou. Lelanie staan op, stap na die tannies toe. Nee, hulle wil nie die koek oorhandig nie, hulle sal dit sommer iewers neersit.

Suurknolvriendin trek haar neus op vir die klas: haar drie telge gaan op die buurdorp skool, want hulle is baie ghrênder as ander. (Dis dieselfde suurknol wie se eiendom vyftien jaar later op 'n bankrotveilig verkoop moes word.)

Intussen het die kinders op die mat begin rondkruip en mekaar begin terg en speel. Lelanie retireer om plek te maak vir die tannies en hulle koek. Lelanie weet egter nie dat Harry, pragtige kleutertjie wat hy is, onbewustelik agter haar ingeskuif het nie. Toe Lelanie die volgende tree gee, val sy reg agteroor, bo-oor Harry. Lelanie kan nie lekker sien wat rondom haar aangaan nie, want die wye kunsmarkrok het saam met haar geval, opgeskuif en hang verlep oor haar kop.

Die klas is tjoepstil. Suurknoltannie se gesigsuitdrukking raak al hoe suurder, indien enigsins moontlik.

Totdat Harry se stemmetjie die stilte verbreek.

"Haai, juffrou, en die tannie lag nie eers nie!"

Die res van die klas bars uit van die lag, en so ook Lelanie terwyl sy probeer regop kom.

Die twee tannies het die koek op 'n (relatief) veilige plek gesit en hulle uit die voete gemaak.

Ek dink dis veilig om hulle as twee suurkoektannies te beskryf.

Ek wonder wat het van ou Harry geword?

# TRIO ARRESTED FOR DRUGS



Three suspects between the ages of 25 and 38 have been arrested for dealing in drugs and possession of drugs.

On Sunday 31 October 2021 at about 08:30 members of the Welkom POP Reaction team were busy visiting voting stations around Saundersville in Heilbron when they received information about someone dealing in drugs at a certain house. They proceeded to the identified house and on arrival they searched the house and found nothing.

The members noticed a male hiding inside the car at the same address. He was searched as well as his car and substance suspected to be Crystal myth and undisclosed amount of cash were found. A 25-year-old male suspect arrested for dealing in drugs.

After the members had left the scene they received information about the distributor of drugs at the same house. The team went back and on arrival searched people found there. A 30-year-old male was arrested for being in possession of drugs (15 Crystal myth sachets). Another 38-year-old male was arrested for dealing in drugs (8) mandrax tablets, 01 half mandrax and 2 nyaope sachets and cash.

These three suspects will be charged for possession and dealing in drugs. They are expected to appear in Heilbron Magistrates' Court soon.

# SO LYK HEILBRON SE GETALLE NOU




## *Fezile Dabi weer nul*

Die Fezile Dabi distrik wat insluit munisipaliteite Ngwathe, Mafube, Moqhaka en Metsimaholo het vir beide 25 en 31 Oktober vir die hele distrik geen nuwe Covid-19 gevalle aangemeld nie. Die hele Fezile Dabi distrik het 24 583 bevestigde gevalle aangekondig sedert die eerste geval aangemeld is.

Die jongste inligting deurgegee van Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste dateer tot op 4 November 2021 en dui aan Ngwathe het 55499 bevestigde Covid-19 gevalle waarvan Heilbron steeds op 1333 staan en is daar 0 positiewe gevalle bygevoeg vir die dorp sedert 26 Oktober 2021. Daar word beraam laat reeds 32.76% van Heilbron se populasie ten volle ingeent is.

Almal bo die ouderdom van 12 jaar kan die Covid-19-inenting kry. Vir mense van Heilbron is die Tokollo-hospitaal gedurende die week oop van 08: 00-16:00. Die digitale inentingssertifikaat vir Covid-19 kan slegs verkry word deur diegene wat volledig ingeënt is. Gaan na https://vaccine.certificate.health.gov.za/ om vandag joune af te laai.

# JAGTERJAAREINDFUNKSIE

Lede word herinner dat vanaand is die Riemland Jagtervereniging se jaarvergadering en prysuitdeling, 18:00 vir 18:30 te Donsveertjie Gasteplaas en Venue. Na afloop van die gebeure word vure voorsien vir bring en braai. Foto kompetisie sal ook plaasvind vir onderskeie afdelings, bokspog, natuurlewe, dierelewe en voëls met inskrywings vir R10 per foto. Covid protokol sal gevolg word.

# KENNISGEWINGS

Form JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER T12493/2013** passed by **ESTATE LATE LEIBE NACHMAN SHAPIRO** in favour of
**1. AUBREY SHAPIRO TRUST, REGISTRATION NUMBER: IT 4678/1996. 2. SELWYN SHAPIRO TRUST, REGISTRATION NUMBER IT 4678/1996 3. MARK SHAPIRO TRUST, REGISTRATION NUMBER IT 4679/1996 4. ELAINE SHAPIRO LORGE TRUST, REGISTRATION NUMBER IT 4676/1996;** in respect of certain
1. Two Thirds (2/3) share in and to Erf 134, Heilbron, district Heilbron, Province Free state in extent: 669 (Six Six Nine) Square Meters.
2. Two Thirds (2/3) share in and to
Erf 137, Heilbron, district Heilbron, Province Free State in Extent: 669 (Six Six Nine) Square Meters
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two week from the date of the publication of this notice.
Dated at Heilbron this 18th day of October 2021.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**
**EMAIL: aktesa@corven.co.za**

Form JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER T7364/2015** passed by **ESTATE LATE FREIDA MENUCHA KREMER** in favour of
**ELLA RAFF, Identity Number 570514 0071 084;** in respect of certain
1. AN UNDIVIDED ONE-THIRD SHARE IN AND TO ERF 137, HEILBRON, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE IN EXTENT: 669 (Six Six Nine) Square Meters.
2. AN UNDIVIDED ONE-THIRD SHARE IN AND TO ERF 134, HEILBRON, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE IN EXTENT: 669 (Six Six Nine) Square Meters
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Heilbron this 18th day of October 2021.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**
**EMAIL: aktesa@corven.co.za**

Form JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER T7363/2015** passed by **ESTATE LATE FREIDA MENUCHA KREMER** in favour of
**ELLA RAFF, Identity Number 570514 0071 084;** in respect of certain
PORTION 1 OF ERF 136 HEILBRON, DISTRICT HEILBRON PROVINCE FREE STATE IN EXTENT: 161 (ONE SIX ONE) SQUARE METRES
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Heilbron this 18th day of October 2021.
**APPLICANT AMANDA ANNE SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**
**EMAIL: aktesa@corven.co.za**

## NOTICE TO DEBTORS CREDITORS

In the Estate of the **LATE JOHANNES GERHARDUS GREYLING, Identity Number: 531230 5040 085,** in life divorced residing at 101 Pierce Street, Heilbron, 9650, Free State, who died on 30/07/2021, **ESTATE NUMBER: 8045/2021.**
All persons with a claim against the above-mentioned estate must submit it to the Executor within 30 (Thirty) days from the date of publication.
Signed at Heilbron on 27/10/2021.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

Form JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER T3323/2001** passed by **HEILBRON / PHIRITONA PLAASLIKE OORGANGSRAAD** in favour of **KAREL ALBERTUS FREDIE MINNIES, ID: 650621 5233 081;** in respect of certain
ERF 153, SANDERSVILLE, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE IN EXTENT 2236 (TWO TWO THREE SIX) SQUARE METERS
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Heilbron this 28th day of October 2021.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

## NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the **LATE BEATRIX ALIDA BOTHA Identity Number: 321019 0016 081,** in life is widowed, Huis Bron-van-Heil, Heilbron district Heilbron, 9650, Province Free State,
**ESTATE NUMBER: 6028/19.**
Hereby notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the FIRST AND FINAL LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Heilbron Magistrate Court.
If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**



KERSUITGAWE
17 DESEMBER

**POSTNET HEILBRON**
**Besigheidsure:**
**Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30
**Saterdae:** 09:00 -12:00
*Elsstraat 42 • HEILBRON | Tel: 058 853 0006*

**JAARBEPLANNER**
**NOVEMBER 2021**
26 & 27 Nov. - NG Kerk Suid - (Gholfdag & Kersmark)

Hiermee wil die Gesondheidskomitee van Heilbron Kliniek die vrymoedigheid neem om te vra vir bydraes vir die Sagte Speelgoed Projek op 17 November 2021. Speelgoed kan tot en met 10 November 2021 by Heilbron Kliniek afgegee word. Baie dankie vir enige bydrae.




# DIENSTE

**Andries Muller**
**072 447 7446**
**Vrystraat 23, Heilbron**
**Ou Heilbron Betonwerke se gebou**
MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE HERSTELWERK

**BAAL VAN SOJA-/MIELIERESTE**
Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R

# TE HUUR


*HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS*
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
***Hannalie Claassen 079 040 0531***

**HUIS TE HUUR**
4 Slaapkamerhuis te huur teenaan skool. Onmiddellik beskikbaar.
R4 500 pm.
***Skakel Phillip 071 366 1192***
*K0306*

**BLOEDSKENK DATUMS**




**23 November**




Die **Heilbron Herald se fabriek** sluit die **16de Desember 2021** en heropen **DV 10 Januarie 2022.**

**Plaas asb. vroegtydig u bestelling vir drukwerk om teleurstelling te voorkom.**

Die Heilbron Herald se winkel sluit die 22ste Desember en heropen DV 5 Januarie 2022.

**Elsstraat 44 Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**

# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5**
**Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Marilize** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
• **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)

***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***



# HOPE BEFORE CHRISTMAS

Resident 'shake' her way to 100K. For Vodacom customer, Motshidisi Monaune, R100 000 was only a few shakes away and were handed her cheque in her hometown, Tweeling, last week Monday. Motshidisi is a 32 year old woman born and raised in Tweeling and is currently engaged. When Vodacom called her about her winnings she at first did not believe it. "I have been a Vodacom customer since school. I plan to use the money for studies and start up my own business to create jobs in the community." Customers earn Vodabucks when they but airtime, data or use the Vodacom app. Motshidisi used the USSD platform to gain her rewards. Many people go through tough times economically because of Covid-19 and you can only imagine how this amount can change people's lives.

You too can win your share of R100 000, all you need to do is download the My Vodacom App and get rewarded with two free shakes daily as part of the loyalty programme. The VodaBucks Rewards Programme is Vodacom's behavioral programme aimed at incentivizing customers every time they achieve a personalized behavior goal such as the buying specific bundles using the My Vodacom App. Free to join, the programme allows customers to earn VodaBucks and redeem them from the VodaBucks store.




*On the photo: Vodacom Executive Head Central Region, Marilize Beukes and winner, Motshidisi Monaune.*

# JAARLIKSE LENTESTAP



*Gister het die kinders van Kleuterkasteel saam die onderwysers, mammas en pappas hulle jaarlikse Lentestap gehou by Heilbron Gholfklub. Met lekker sonskynweer het hulle vinnig-vinnig die roete voltooi en na afloop van die gebeure saam roomys geëet en piekniek gehou.*

## VF PLUS Sê DANKIE

Namens myself en die Vryheidsfront Plus 'n baie opregte dankie aan almal wat meegewerk het om die party in staat te stel om tydens die afgelope verkiesing landswyd enorm te groei. Daar is nou nasionaal meer as drie keer meer VF Plus raadslede landswyd wat kan aandring dat beter dienste aan hul gemeenskappe gelewer word. Sonder die groter steun wat die party tans geniet, sou hierdie prestasie eenvoudig nie haalbaar gewees het nie. Dankie dus aan elke ondersteuner wat gaan stem het, maar ook veral aan helpers wat onverpoosd gewerk het om al die take wat met 'n verkiesing gepaard gaan met onderskeiding te verrig.

Baie dankie, ek verseker u elkeen se bydrae word van harte waardeer.

Phillip van der Merwe en die VF Plus bestuur.

# HEILBRONNER PRESTEER BY ROOIES KROONSTAD

Surina Claassen, dogter van Cornelis en Stephanie Claassen van Heilbron, het verlede week weggestap as DUX leerling, én met arms vol bekers by die prysuitdeling van Afrikaanse Hoërskool Kroonstad, of te wel Rooies.

Surina kry 'n medalje as DUX leerling 2021. Sy kry ook bekers as beste presteerder in verskeie vakke, nl: Fisiese Wetenskap, Wiskunde, Lewenswetenskap, Rekeningkunde, Afrikaans, Rekenaar Toepassingstegnologie en Lewensoriëntering.

Surina kry ook spesiale erekleure vir buitengewone prestasie as Presidentsverkenner en 'n boekprys vir 1ste Klasposisie in Graad 12.

Meeste van ons is bewus van die samesmelting van die twee Hoërskole in Kroonstad. Die Rooies en Bloues gaan nou bekend staan as Trio Hoërskool Kroonstad.

Dis 'n spesiale voorreg vir Surina om haar graad 12 jaar op so 'n hoogtepunt te kon afsluit as deel van die laaste matriekgroep van die Rooiskool.








# BRONNIES WYS HUL STAAL



*Die Bronnies se 'Future Feds' het weer hulle staal gewys. Die volgende Hoërskool Heilbron kinders behaal die volgende uitslae:*
*Seuns 1 wen teen Noordskool.*
*Seuns 2 verloor met 1 punt teen Vaalpark.*
*Dogters speel gelykop teen Vaalpark*

*Op die foto: Ankhe Bonthuys, Salomie Viljoen, Cilla Rossouw, Kylie Greeff, Amé' Naudé' en Lumé' Terblanche.*

# SECOND JAB TALKING POINTS



Protect yourself from COVID-19 by getting vaccinated today.

• We have enough vaccines and getting vaccinated is convenient and easily accessible.

• The Pfizer vaccine requires two doses while the Johnson & Johnson vaccine only requires one dose.

• The first dose of Pfizer vaccine primes the immune system to recognise the virus that causes COVID-19.

• The second dose boosts your immunity, further providing you with more protection from becoming seriously ill, hospitalisation and dying from the coronavirus.

• COVID-19 vaccines are not interchangeable, if you received a Pfizer vaccine as your first shot you should get the same vaccine for your second shot.

• It is important to get your second shot immediately after the recommended 6 weeks (42 days) interval after the first dose.

• If you have not received your SMS after 42 days, bring your vaccination card and visit a nearby site to receive your second dose.

**Vaccines undergo intense safety testing.**

• COVID-19 vaccines go through in-depth testing that involve tens of thousands of people.

• Once tests show a COVID-19 vaccine is safe only then does the WHO consider the vaccine.

• The WHO further gets a panel of experts to double check the test results to ensure vaccine safety.

• The South African Health Products Regulatory Authority also tests all vaccines used in the country to ensure they are safe.

**Do not let your guard down, the COVID-19 pandemic is still with us.**

• Government urges all South Africans not to let their guard down because COVID-19 is real and deadly.

• The virus has not been eradicated and we cannot simply go back to life as we once knew it.

• We must continue to be cautious and consider the effect of our actions on others.

• Should you choose to meet with friends and family, visit entertainment venues, travel for leisure, or consume alcohol in restaurants, bars and taverns, you must do so responsibly.

• If you are travelling in public transport keep your mask on at all times and open a window.

• When indoors, proper ventilation can help reduce viral particle concentration.

Winkelure
Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033
MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 -17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00
Herald
Office National




# TSHEPO SEKESE WINS SAFA NGWATHE PRESIDENTIAL ELECTION

Tshepo Sekese pulled off a stunning victory last week in Tumahole, Parys, to take over as SAFA Ngwathe chairperson.


In hotly contested elections, Sekese, renowned football administrator and former SAFA Fezile Dabi Region Deputy Secretary, received 23 of the 43 eligible votes to earn a decisive majority over Molifi Pule, who had been the sitting Chairperson of SAFA Ngwathe entering the election.

Asked about his recent election, Sekese had this to say: "I am humbled by the mandate the Clubs gave to me and my fellow Executive Committee members to lead in a time of change and upheaval. I wholeheartedly accept this responsibility with extreme gratitude. I am prepared to serve and bring about the much desired change in our local football."

He further went on to say that by his understanding, the mandate the Clubs gave them [Executive Committee] on Saturday was clear and explicit. That it was to make Ngwathe Local Football Association great again. As Herculean this mandate may seem, Sekese indicated that he knows that it is attainable. He emphasised that this has to be immediate, in order to save their Local FA from disintegration.

"This has to be immediate, in order to save our beloved LFA from disintegration. We are all witnesses to how it almost fell apart last season where there was no football in the whole of Ngwathe except in Heilbron. I therefore have an enormous task of retrieving and reviving football in our LFA and ensuring that everybody is on board."

In his closing statement he admitted that mistakes were made in the past and that he is taking over an LFA face with so many challenges that are likely to have a direct impact on its operations and to address such, he will need to work tirelessly with his newly elected Executive to ensure that things do not fall apart.



"With this mandate, I assure you that all necessary steps will be taken to avoid a repeat of our past mistakes. Indeed we have learnt our lessons and by this mandate, we are now set to forge a new path for our Local FA and football in general. Under my watch, internal democracy will be strictly adhered – all Members will be included in the decision making. Every Member of this Local FA can from this moment, consider him or herself, an equal stakeholder in our football."

Sekese is the third Chairperson of SAFA Ngwathe from Heilbron following Nomalanga Tshabangu-Dingaan and Jabulani Mgcina.

The Newly Elected SAFA Ngwathe Executive Committee:
Tshepo Sekese (Chairperson)
Daniel Mtolo (General Secretary)
Hendrik Majola, Berlinah Nkheloane and Gloria TU (Vice Chairpersons)
Mojalefa Ndumo (Treasurer)
Town List Members: Jacob Mthimkhulu (Heilbron), Simon XABA (Koppies), Petrus Maloka (Edenville), Ramorena Hlalele (Vredefort)

– NLFA Media



HERALD Sport

# PRESTIGEDAG LYK GEWILD TE WEES

Die inskrywings vir vanjaar se Heilbron Gholfklub prestigedag lyk baie gewild te wees en spelers wat nog nie ingeskryf het nie sal moet vinnig speel. Juan Boucher is die gaskunstenaar en net spelers en kaartjiehouers kan die aand se verrigtinge bywoon.

Die RSA Seed and Grain gholfdag was een vir die boeke. Die spelformaat het almal 'n geleentheid gegee om die dag te geniet. Die kombinasie van Jackie Leonard en Wiam Rautenbach het soos 'n geoliede masjien geloop. Hulle wen die dag met 54 punte. Daar was ook 'n 100kva kragopwekker op die spel vir 'n putjie in een. Ongelukkig kon niemand die gelukskoot speel nie.

Die algemene jaarvergadering vind vanjaar op 24 November om 18:00 by die klub plaas.

Die President Gerrie Muller doen 'n beroep op lede om dit by te woon en so die klub se sukses en bestaan te bevorder.

Môre is daar gewone spel om 11:00.



*RSA se gholfdag wenners: Wiam Rautenbach (links) en Jackie Leonard (regs) saam met Riaan Schutte en Willem Loots van RSA Seed and Grain.*

# BESIGHEIDSLIGA NADER EINDE

As 'n kompetisie die einde nader sou mens sê dis nou afdraande, maar met die finaal van die rolbal se Besigheidsliga is dit allesbehalwe so.

Met RSA Seed and Grain en die Gholfklub in die finaal, lê daar 'n groot opdraande voor vir hierdie twee spanne, want verseker gaan nie een van hulle sommer bes gee nie. Dit gaan 'n geveg van epidermiese proporsies wees! Buiten die fantastiese eerste prys wat gewen kan word is daar hierdie jaar ook 'n baie mooi wisseltrofee vir die wenspan, wat spesiaal deur Hannes Steyn gemaak is.

Met die ander 12 spanne gaan die geveg ook nie minder ernstig wees nie. Buiten die pryse en die trofee wat die algehele wenspan ontvang, is daar pryse vir elkeen van die ander spanne. Soos verlede week berig het Heilbron se spanne maar swak gevaar by Valsrivier gemengde pare kompetisie, maar Arend en Catrien Koekemoer van Koppies kon deurdring na Noord Vrystaat se uitspeelwedstryde in Welkom. Ongelukkig was die laaste een van die 21 koppe hulle nie "goedgegesind" nie en verloor hulle die finaal met 2 punte. Welverdiend eindig hulle as naaswenners. Daar word met groot verwagting uitgesien na die finaal van die Besigheidsliga en die bestuur wil mense uitnooi om die aand saam te kom geniet en te sien watter span gaan as die algehele wenner uittree. Bykomend tot hierdie lekker kuier al om die rolbalbaan, kan Vetkoek en Maalvleis bestel word. Kontak Hannalie Claassen by 079 040 0531 om betyds jou bestelling te plaas.


*Wissel trofee vir besigheidsliga.*

GiG Technologies (Pty) Ltd.
New!!
AJAX Wireless
Smart Home Security Systems
Contact us for a free Quotation
Church street 44
Adriaan- 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za

POSTNET HEILBRON
BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006

VLEISSENTRAAL
DIE BESTE BOD
BESTUURDER
P.J. Müller
060 966 9340
AFSLAER
Ian Grobbelaar
060 965 6207
Frankfort/Roadside/Cornelia
Corjan de Jager
079 506 8777
Frankfort/Cornelia/Oranjeville/Roadside
Fanie vd Merwe
082 494 3127
Tweeling/Reitz/Petrus Steyn/Frankfort
David Gerber
082 489 7424
Villers/Cornelia/Grootvlei
Fanie vd Merwe (junior)
061 180 6802
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Pula Giliomee
082 788 5338
Heilbron/Edenville/Oranjeville
Hugo Groenewald
082 569 7205
VLEISSENTRAAL
JJ HADEBESTRAAT 97
FRANKFORT
(Langs Bright Dienste)

Pharmacy & Clinic
PLATTELAND
Linctagon Targeted Relief Nasal Spray
R69
Linctagon Cough Syrup
R99
Linctagon Broad Spectrum Relief Forte
R133
063 721 4950 087 527 0723

BKB Louwid
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 8 NOVEMBER 2021
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout
082 827 7443
HANDHAAF Kwartaallikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
DINSDAG - 9 NOVEMBER 2021
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668
WOENSDAG - 10 NOVEMBER 2021
WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835
REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
DONDERDAG - 11 NOVEMBER 2021
FRANKFORT HERDENKINGSVEILING
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
VRYDAG - 12 NOVEMBER 2021
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049
SATERDAG - 13 NOVEMBER 2021
HEIDELBERG: SUIKERBOSRAND
40 Nooitgedacht perde
11:00, Suikerbosrand
Kontak Rudi Nagel 082 905 6066
BKB LOUWID
www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za